

# Hoërskool Heilbron se eie "Drive-in"



Die inry se skerm is opgeslaan en gereed vir die aand se vertoning.



Elke motorvoertuig het 'n verwelkomingsak ontvang met advertensies in.

Na maande se beplanning het die dag uiteindelik aangebreek vir Heilbron se eie Drive-in. Harde werk van die personeel en BK ouers van Hoërskool Heilbron het bygedra tot 'n suksesvolle aand. Vrydagaand, 31 Mei het 52 voertuie gereed gestaan met radio's ingestel en picknick-mandjies wat vol lekkernye gepak is. Die koue weer het niemand afgeskrik nie, en bakkies is lekker ingerig met komberse en kussings. Met behulp van Varslugfliëks wat die opstel van die Drive-in hanteer het, is The Greatest Showman op die grootskerm vertoon op Hoërskool Heilbron se rugbyveld. Dit het ouers laat terugverlang na hul jonger dae toe 'n besoek aan die inry-teater 'n gewilde aktiwiteit was. Verwelkomingsakke vol advertensies is aan die fliëkkykers uitgedeel

en heerlike warm sjokolade, cappuccino en sop was te koop aangebied sommer reg by die voertuie se vensters. Voor die groot fliëk begin het, kon adverteerders deur middel van video's of foto's op die skerm adverteer. Boeretreat, Dekalb en Heilbron Herald het as hoofborge opgetree. Elkeen se video was as voorprente te sien. Die borge het 'n groot gedeelte bygedra wat dit moontlik kon maak om die inry te kan aanbied. As deel van al die pret het Boeretreat ook 'n gratis kaartjie weggee vir die beste "tag-line" vir die boeretreat-mark. Anneri Combrink het hierdie kaartjie gou-gou opgeraap. Was die inry 'n sukses - verseker! Die gemeenskap het hierdie projek so goed ondersteun en baie geniet. Daar kan gerus weer 'n Drive-in aangebied word.

## Freddy die brandweer-hond kuier by Kleuterkasteel



Freddy die brandweer-hond het hierdie week by Kleuterkasteel se kleuters kom kuier. Hy het die kleuters bewus gemaak van die gevaar van brande en hoe daar reageer moet word. Freddy het die kleuters mooi geleer. Op die foto verskyn Freddy saam met juffrou Christelle Lourens, juffrou Christa van Wyk, juffrou Jessie Groenewald, juffrou Bokkie Myburgh en Alet Swart.

# Oud-Landdros trotseer nuwe hoogtes

Baie mense vat hulle lysie op die "bucket list" baie ernstig op en is dit dinge wat hulle verseker graag nog wil doen terwyl hulle die kans het. Vir Japie Steyn was valskerm spring een van die wense op die "bucket list" wat gedoen moet word. Op 11 Mei 2019, kort na sy 69ste verjaarsdag, spring hy sy eerste sprong by Wonderboom lughawe.

Die vliegtuig het 'n hoogte van elf duisend voet, 3,2 kilometer, bereik voor Steyn kon uitspring. Vir die eerste helfte vryval hulle teen ongeveer 230 kilometer per uur voordat die valskerm

oopgemaak word. Daarna sweef hulle tot op die grond. 'n Kamera-man spring ook saam uit die vliegtuig om die oomblikke op foto's vas te lê. Die tydsvuur vandat Steyn uit die vliegtuig gespring het tot op die grond was so tussen drie tot vier minute. "Terwyl jy daar bo sweef is dit so stil, jy hoor niks nie, nie 'n enkele geluid nie," som Japie sy ervaringe op. "Dit is verseker iets wat ek weer sal wil doen." Hy noem dat hy dink dit is makliker as jy die tweede keer gaan spring, want dan is die stresvlakke nie meer so hoog nie, jy weet wat om dan te verwag en sal dit natuurlik meer geniet!



Japie Steyn glimlag breed na die valskerm spring!



Japie Steyn saam met die instrukteur kort nadat hulle uit die vliegtuig gespring het.